

GENEALOGIESE GENOOTSKAP VAN SA – VRYSTAAT TAK

Jaarverslag

vir die tydperk

Maart 2006 tot 31 Desember 2006

Inleiding

Ons tak doen graag verslag oor die tydperk sedert die herstigting van die tak in Maart 2006. Die tak is herstig na 'n aanvorings vergadering gelei deur Johann van Rensburg gehou op 4 Maart 2006.

Die tak word amptelik gestig op 20 Maart 2006.

Bestuur

Regter Jan Eksteen tree as verkiesingsbeampte op tydens die takstigting en die volgende bestuur word verkies:

Voorsitter: Johan Pottas
Sekretaris: Deanise Edwards
Tesourier: Fritz Fourie
Nuusbrief Redakteur: Rose Willis
Addisionele lede: Piet van Zyl en Claudie Jooste

Twee van die bestuurslede bedank gedurende Junie 2006 naamlik Rose en Deanise en die werk as redakteur word deur Johan Pottas oorgeneem en Claudie Jooste tree vir die res van die jaar ook as sekretaresse op.

Ledetal

Tydens die stigtingsvergadering is daar 13 lede van GGSA teenwoordig en 'n aantal belangstellende persone. Deur die jaar groei ons ledetal aan tot 25 lede en die belangstellendes wat ons vergaderings bywoon groei tot 8 persone. Twaalf van die lede is vroue.

Byeenkomste vir 2006

- Maart: Takstigting
- April: Donald van Wyk van die VAB
- Mei: Elria Wessels van die ABO Museum
- Junie: Takbespreking oor databasisbestuur en verskillende genealogiese programme olv Johan Pottas
- Julie: Geen byeenkoms, maar ons het 'n stalletjie by die Volksblad se kunstefees.
- Augustus: Takbespreking van die Heraldiek Wet olv Johan Pottas en in samewerking met John Wilsnach
- September: Vrystaatse Konsentrasiekamp rekords, Elektroniese boeke en Wat is in 'n pleknaam deur Johan Pottas
- Oktober: Christa Botes van die NGK Argief in Bloemfontein oor wat is beskikbaar in die NGK Vrystaat argiewe en hoe daar navorsing gedoen mag word.
- November: Genealogie en Scrapbooking aangebied deur Eureka Pottas
- Desember: Dr Melvin Thatcher area manager for Asia/Pacific/Africa Acquisitions at the Genealogical Society of Utah (GSU).

Bywoning van byeenkomste

Dit het gewissel tussen 12 persone tot 25 persone per byeenkoms.

Bemarking

Aan elke taklid is 'n aantal visitekaartjies gegee met ons tak se besonderhede daarop.

Dan het ons die stalletjie gehad by die Volksbladkunstefees en kan ek berig dat ons daardeur 4 nuwe lede gewerf het en seker sowat 800 besoekers oor die 5 dae gehad het. Die bestuur van die Kunstefees het ons intussen genader om weer in 2007 'n stalletjie op te neem aangesien hulle van mening is dat ons een van die meer gewilde stalletjies was. Hier is 'n "ontdekking gemaak wat vir een familie groep van besondere belang is, naamlik die Dannhauser familie. Tydens 'n gesprek met 'n dame meld sy aan Johan Pottas dat sy 'n "foto" het van Georg Friederich Dannhauser, die stamvader van die Dannhausers. Die foto blyk uiteindelik 'n skets te wees en alle aanduidings is dat dit so is. Die fonds sal in 2007 die onderwerp vorm van 'n artikel in Maiores.

Kwartaalblad/Nuusbrief

Ons nuusbrief wat kwartaaliks verskyn, MAIORES, is dan ook 4 keer in 2006 gepubliseer. Dit is slegs 'n elektroniese uitgawe en word in 2006 verniet versprei aan alle takke van GGSA vir verspreiding onder hulle lede. Ons blad word aanvanklik versorg deur Rose Willis en na haar bedanking deur Johan Pottas.

Finansies

Met takstigting is daar gemeld dat die tak moontlik oor R3000.00 beskik wat vanaf die vorige tak oorgebly het, dit het egter geblyk 'n mite te wees en die bedrag het sowat R350.00 beloop. Ons sluit die jaar af met 'n saldo van R840.00.

Takbiblioteek

Die vorige tak se boeke is aan die VAB gegee sonder enige behoud en dus is die boeke opgeneem in die boekery van die VAB en is dit verlore vir die tak. Daar was egter twee boeke wat by lede van die vorige tak was, wat ons in die hande kon kry. Verder het die tak deur die jaar skenkings ontvang van die volgende boeke:
Die van den(r) Berg's van die Kaap tot Witkraal, Petrusburg
Die Pottas Skerwe van Schwalenberg tot Windhoek
Die van Wyk register (Weergawe 1)

Ons koop self die Snymanregister aan.

Die boeke word gehou in die leeskamer van die VAB en elkeen is duidelik gemerk as die eiendom van GGSA Vrystaat.

2007 se vooruitsigte

Ons glo en vertrou dat die tak deur die komende jaar verder sal uitbrei en dat dit 'n groter bydrae tot die opvoeding en belangstelling onder die publiek sal lei in genealogie.

JOHAN J POTTAS
VOORSITTER

24 Januarie 2007